Visioene Van William Branham

Herdie band word gemaak vir die Koninkryk van God, soos ek dit aan Broer Lee Vayle as manuskrip aanbied. Broer Vayle het my gevra, hier in die teenwoordigheid van Broer Mercier, om—om sommige van die vroeëre visioene weer te gee. Natuurlik, visioene was . . . ek . . . die . . . Een van die eerste dinge wat ek kan onthou, is visioene, wat gekom het. Visioene het die hele tyd gekom. Maar na my bekering is waarin ek dink jy geïnteresseerd was, Broer Vayle.

2 Wel, ek onthou, nadat ek in die kerk bevestig is, die Baptiste kerk, deur Dr. Roy Davis, hier in Wattstraat in Jeffersonville, waar die kerk destyds was. Ek onthou een uitstaande visioen, nie meer as 'n paar weke na my . . . omtrent 'n . . . ek sou sê, 'n paar dae na my bevestiging. Ek was . . . het 'n visioen gesien van 'n ou man wat in die hospitaal gelê het, wat papgedruk was. Hy was 'n gekleurde man. En hy is oombliklik genees, soveel so, dat dit 'n klomp verwarring veroorsaak het. En hy het uit die bed opgestaan en weggestap.

3 En twee dae, omtrent twee dae, daarna, het ek dienste afgesny, van nie—betaalde dienste in New Albany, water, en gas, en—en elektriese rekeninge. En dit . . . Ek was so vol vreugde! Elke keer dat ek 'n ou huis gekry het, het ek net ingegaan en gebid, weet jy, waar niemand gewoon het nie.

4 En ek onthou dat ek Mnr. Johnny Potts vertel het, wat vandag lewe. Hy's baie naby, skat ek, aan sewentig of tagtig jaar oud. Hy was 'n ou meterleser. En hulle het hom toe weggeneem van meterlees af, en het hom by die lessenaar geplaas, om klagtes en dinge te ontvang, soos jy by die deur ingekom het, en diensoproepe. En ek het hom vertel wat die Here vir my gewys het. En hy het, nou en dan, 'n paar verdwaalde meters opgetel wat die gewone man nie gekry het nie. En hiermee, het hy—hy vertel, 'n man . . .

5 Wat, ek in die koerant gesien het, waar hulle 'n ou wa gehad het . . . In daardie dae, twee perde daarvoor, en hulle laai afval en vullis op, in die laan. Daar was 'n ou gekleurde man met die naam Mnr. Edward J. Merrell. Hy het by Clarkstraat duisend—en—twintig in New Albany gewoon. En hy is getref deur twee witmense, wat 'n wit meisie en 'n—en 'n seun was, wat in 'n motor gery het. En hy het beheer oor die motor verloor, en het hom papgedruk teen die wiel van die wa. En dit het net al die bene in sy liggaam gebreek, byna, en hulle deur sy borsgedeelte,

vernaamlik. Het sy rug uit proporsie geruk. En hulle het hom in die hospitaal gehad, baie erg.

6 En Mnr. Potts, wat deur die—die hospitaal daar in New Albany gegaan het, het hom daarvan gesê dat die Here met my deel. En hy het na my gestuur om te kom, vir hom te bid. En onmiddellik, het ek gedink: "Dis die man wat ek in hierdie visioen gesien het."

7 So, ek—ek was 'n bietjie skrikkerig om te gaan, want dit was een van my eerste, sien jy, om so te gaan. So, maar, nietemin, ek het gegaan en my vriend gekry, wat pas bekeer is, 'n Franse seuntjie met die naam George DeArk. En ek het hom pas na Christus gelei. En ons is soontoe. En ek het gesê: "Nou, Broer George, ek—ek—ek wil hê jy moet onthou. Hierdie dinge wat met my gebeur, ek kan hulle nie verstaan nie. Maar, onthou jy, hierdie man gaan genees word. En wanneer hy genees word, is daar . . . Ek kan nie vir hom bid voor die twee wit mense kom en aan die ander kant van die bed staan nie, want ek moet dit doen op die wyse wat dit vir my gewys is."

8 En ek het ingegaan na—na die hospitaal en gevra vir Mnr. Merrell. En ek is daarheen, en sy vrou het vir my gesê dat hy baie ernstig was. En hy kon nie beweeg nie, want die x—strale het gewys dat sommige van hierdie bene reg langs die long gelê het. En as hy beweeg het, wel, dit sou, kon sy longe stukkend steek en hom laat doodbloei. En hy was baie erg. En daar was 'n bietjie bloeding uit sy keel, ensovoorts, want hy het om die mond gebloei. Hy het al omtrent twee dae daar gelê. En die man was, destyds, omtrent vyf—en—sestig jaar oud, veronderstel ek, sestig of vyf—en—sestig. Ouerige man; sy snor, lank, het al wit geword. En sy hare was grys.

9 En ek het ingegaan en tóg hierdie man vertel van die visioen van die Here wat ek gesien het. En die jongmense het ingekom, wat hom getref het. En ek het neergekniel om vir hom te bid. En ewe skielik, het hierdie man 'n kreet gelos, gesê: "Ek's genees," en opgespring. En sy vrou, probeer hom terughou, in die bed. En een van die huisdokters het gekom, in die bed probeer hou. En hy het uit die bed opgespring, groot opgewondenheid veroorsaak. En toe ek gegaan het na die . . . Ek het vir Broer George gesê . . .

10 En toe het een van die susters, dit was 'n Katolieke hospitaal, ingekom en gesê ek sou daaruit moes padgee, omdat daardie man so opgewonde is. Want hy het 'n koors gehad, omtrent honderd envier. En die snaakse ding, toe hulle hom daarin terugsit; die—die priester, die plek, en 'n paar van die dokters het hom gesit, hom gedwing om terug bed toe te gaan, want hy was sy klere aan die aantrek. En toe hulle sy koors neem, het hy geen koors gehad nie.

11 Nou, daar leef vandag baie mense, wat die visioen gesien het, dit sien gebeur het, of daarvan weet.

12 En ek het uitgegaan en op die trappies gestaan, en vir Broer George gesê: "Hou jy nou dop. Hy gaan 'n bruin jas en 'n prophoed dra. Hy sal net hier by hierdie trappies afloop, oor 'n paar minute." En hy het werklik. Hy het net uitgekom en afgestap.

13 En omtrent 'n—'n—'n aand daarna, het die Here weer aan my verskyn, een oggend, net omtrent dagbreek, en my 'n vrou gewys, aaklig kreupel, wat gesond gemaak sou word. Toe het ek gesê: "Wel, ek sal—ek sal waarskynlik uitvind waar sy is."

14 En so het ek ondertoe gegaan en water afgesny, daar by, ek meen dit was, om—en—by Agtste straat in New Albany. En ek het. . . Dit was 'n skakelhuis, en ek was bang ek het beide kante afgedraai. Een kant, het die mense uitgetrek; en ander kant, was die mense daar. Toe is ek oor na die kant wat die— die mense gehad het, bewoon was. En ek het aan die deur geklop. En hulle was 'n—'n—'n regtig arm mense. En 'n baie aantreklike, jongmeisie het deur toe gekom, redelik armoedig geklee. En sy—sy het gesê: "Wat wou jy hê?"

Ek het gesê: "Sal jy die water kyk, om te sien of dit af is."

15 En sy het gesê: "Ja, meneer." En sy het gegaan. Sy het gesê: "Nee. Die water loop nog."

Ek het gesê: "Dankie."

16 En haar ma, het op 'n bed gelê, haar naam was Mev. Mary Der Ohanian. En sy was Armeens. Haar seun het heelagter gespeel, ek meen dit was, vir die New Albany basis, voetbalspan. En sy, haar dogter, was op hoërskool. Haar naam was Dorothy. En sy het gesê. . . Dorothy sê vir my: "Is jy nie daardie man van God wat die ander dag daardie genesing in die hospitaal gehad het nie? My ma wil graag met jou praat." En ek het ingegaan.

17 En sy het my vertel dat sy gelê het, kreupel. En sy was al kreupel, in die bed, vir sewentien jaar, sedert hierdie dogter gebore is. En so was die meisie sewentien jaar oud. En toe sê ek vir haar dat. . . Sy het gesê: "Is jy daardie man van God wat daardie man genees het?"

18 Ek het gesê: "Nee, mevrou. Ek is nie 'n geneser nie. Ek bid net—net bloot vir die—die siek man, en is gewys deur Iets wat vir my gesê het." Ek het nie geweet wat om dit te noem nie; 'n visioen, of wat nie. Ek het nog nie geweet wat dit was nie. Ek was net 'n seun, en enkel en alles. En so was daar 'n. . . Hierdie—hierdie vrou het my vir gebed gevra, vir haar. En ek het vir haar gesê: "Laat ek eers bid, en dan as die Here vir my gewys het om terug te kom."

19 En toe toe ek uitgegaan het om te bid. . . Ek het Broer George gekry. Ek het gesê: "Dis daardie vrou wat ek—ek jou van vertel het waaroor ek gebid het. Ek weet dis dieselfde vrou. Gaan saam met my."

20 En ons is daarheen om—om voorbidding te doen. En toe hierdie klein sewentienjarige meisietjie, natuurlik, ek net 'n jong seun. En sy het 'n broer gehad, omtrent ses, agt jaar oud, so—iets. En daar het 'n Kersboom, dit was net na Kersfees, in die huis gestaan. En hulle was agter hierdie Kersboom om vir my te lag. "Om hul ma gesond te maak." Ek het vir haar gesê dat die Here haar gaan genees. En ek . . . Broer George en ek het neergekniel om te bid.

21 En toe ek begin bid het, wel, daardie Engel wat ek sien, Dit wat jy in die foto sien, ek het Dit oor die bed sien hang. Wel, ek het oorgeleun en haar hand geneem. Ek het gesê: "Mev. Ohanian." Nou, sy woon nou nog in New Albany, sy en haar man, familie. En ek het gesê: "Mev. Ohanian. Die Here Jesus het my gestuur, en vir my gesê voor ek gekom het, dat ek vir jou moet bid, en jy 'gaan gesond gemaak word.' Staan op op jou voete, en word gesond gemaak, in die Naam van Jesus." Haar bene was onder haar opgetrek. Sy het, met haar Armeense Bybel oor haar hart, na die kant van die bed begin beweeg. En soos sy het, het sy . . .

22 Toe het Satan met my gepraat, gesê: "Jy laat haar daardie vloer tref, sy sal haar nek breek, van daardie hoë bed af." Ek was vir 'n oomblik bang.

23 En ek het altyd geweet dat wat daardie visioene, ek het toe nie geweet wat dit was nie, vir my gesê het altyd reg was. So ek het voortgegaan, nogtans, haar van die bed laat afkom. En God is my getuie, sodra sy van daardie bed begin spring het, het albei bene reguit geword. Haar dogter het geskree, haar hare getrek, en uitgehardloop in die straat, geskree so hard as sy kon. Bure het van oral gekom. En daar was sy, vir die eerste keer in die sewentien jaar, rondgeloop in daardie kamer, God geprys. Ek het padgegee, dadelik, om daarvan weg te kom.

24 Later het ek bekend geraak met hierdie jongmeisie, en met haar uitgegaan. Natuurlik, dit hoef nie op rekord te wees nie, maar ek het met die jongmeisie uitgegaan.

25 Nie lank daarna nie, 'n paar weke, was ek in my ma se huis, een aand. En ek het gebid, daardie dag, en ek—ek kon net eenvoudig skynbaar nie deurbreek nie, na 'n—na 'n—'n oorwinning in my gebed nie. En ek het gedink, ek sal net alles los . . . jy weet, voortgaan bed toe. Ek het by die huis gebly, destyds. En so het ek in die—die kamer ingegaan, om—om te bid. En ek . . . was omtrent eenuur in die oggend, skat ek. En ek—ek het gebid.

26 En, ewe skielik, het ek gekyk. En, mamma, sy het altyd klere gevat, hulle net op 'n hoop gegooi in 'n stoel, weet jy. Ons was werklik arm mense. Ek het gekyk, Iets wit het na my aangekom, en ek het gedink ek kyk na daardie stoel met klere. Maar Dit was daardie Engel van die Here, daardie—daardie Wolk, weet jy. En Dit het oorgekom na waar ek was.

27 En ek—en ek het in 'n kamer gestaan, 'n klein, wat ons 'n "haelgeweer" huis noem, klein, reguit huisie, twee kamers daarin. En dit het rooi Waynescoating hierbo gehad, as 'n sykant, sien jy. Daar was 'n klein ysterbedjie aan my regterkant. Daar het 'n swartkopvrou gestaan teen die . . . Die een kamer het in die kombuis uitgegaan. Sy het teen daardie kombuisdeur gestaan, gehuil. Daar het 'n vader voor my gestaan, en het my 'n baba gebring waar iets op sy klein borsie gelê het. En een, sy linkerbeen, was omgedraai, tot dit bo teen sy liggaampie gelê het. En die regterbeen, teenoorgesteld gedraai. Beide arms ook opgedraai, teen sy liggaam. En sy liggaampie was verdraai en opgedraai tot *hier* reg by sy nek. En ek het gewonder: "Wat beteken dit?" En ek het gekyk, aan my linkerkant het gesit, en daar sit 'n ou vrou, wat haar bril afhaal en dit afvee van trane of iets op haar bril. Regs van my, op 'n rooi opvoubed, wat by die stoel gepas het, sit 'n jong, blondekop seun met krulhare, wat by die venster uitkyk.

28 En ek het gekyk, daar oorkant regs van my staan, en daarin het gestaan . . . daardie Engel van die Here. En hy het vir my gesê: "Kan hierdie baba lewe?"

En ek het gesê: "Meneer, ek weet nie."

Hy het gesê: "Lê jou hande daaroor. Dit sal lewe."

29 En ek—ek het. En die baba het afgespring, af van die . . . uit die arms van die vader uit. En die regterbeentjie het reguit gedraai, en die regtersy het reguit gedraai, regterarm het reguit gedraai. Dit het nog 'n tree gegee, en die ander kant het reguit gedraai. Het nog 'n tree gegee, en die ander kant het reguit gedraai, die liggaam, middelste gedeelte het reguit gedraai. En hy het sy klein handjies in myne gesit, en gesê: "Broer Branham, ek is heeltemal gesond." Die klein baba het blou ferweel oorklere, of oorpak, gedra, klein oorpakkie met 'n borslap. En hy het bruin hare gehad, en 'n klein, piepklein mondjie.

30 En toe het die Engel van die Here vir my gesê Hy gaan my êrens anders neem. En ek is ver weggevoer. En Hy het my neergesit langs 'n ou begraafplaas, en het my die getalle op 'n grafsteen gewys, naby 'n kerk. En Hy het gesê: "Dit sal die plek wees wat jou rigting gee."

31 Hy het my na 'n ander plek gevoer. En daar was 'n . . . het gelyk asof daar 'n dorpie was, met omtrent twee winkels daarin. En een het 'n geel voorkant gehad, geel planke teen die mure. En ek het daarheen geloop, of daar gestaan. En daar het 'n ou man uitgekom, met 'n blou ferweelbaadjie aan, of 'n blou denimbaadjie en 'n blou oorpak, met 'n geel ferweelpet. Hy het 'n groot, wit snor gehad.

Hy het gesê: "Hy sal jou die pad wys."

32 En die volgende keer dat ek bygekom het, het ek gesien ek loop in 'n kamer in, agter 'n taamlike gesette jong vrou aan. En

soos ek die deur binnegekom het, was die figure op die papier teen die muur rooi. Bokant die deur was geskryf: "God seën ons huis." Daar lê 'n groot, ou, geelkoper bed aan my regterkant. En 'n houtstoof links. En daar in 'n hoek, het 'n meisie gelê van omtrent vyftien jaar oud. En sy het polio of iets gehad wat haar regterbeen opgetrek het. En haar voet het sywaarts gedraai, en was afgetrek. En sy—en sy het soos 'n seun gelyk. Net, sy het hare soos 'n meisie gehad, en sy het 'n— 'n hartvormige lippe gehad soos 'n meisie.

En Hy het vir my gesê: "Kan daardie meisie loop?"

En ek het gesê: "Meneer, ek weet nie."

33 Hy het gesê: "Gaan plaas jou hande oor haar maag." Toe het ek gedink dit was 'n seun, verseker, omdat Hy my my hande oor haar maag laat sit het. Ek het gemaak soos Hy vir my gesê het.

34 En ek het iemand hoor sê: "Prys die Here." En ek het opgekyk. En toe ek het, was daardie meisie aan die opstaan. En toe sy opgestaan het, die pajamas wat sy aangehad het, haar pajamapyp het opgeskuif, en dit het 'n ronde knie soos 'n meisie se knie gewys, en nie knopperig, jy weet, soos 'n seun se knie nie. En ek het geweet dit was 'n meisie. En sy het haar pajamas aangehad. En sy het gekom, na my geloop, haar hare gekam. Sy's blond, haar hare gekam.

35 Die meisie woon in Salem, vandag, getroud, en het drie of vier kinders. En haar ma en pa is ook nog daar.

36 En so het ek—ek—ek bygekom. En ek kon hoor iemand sê: "Broer Branham . . . " Of: "Broer Bill! O, Broer Bill!" En my ma het my geroep. En ek het gedink. Ek sou een hoor, een kant. Komende uit daardie visioen, jy weet, soort van duiselig. En ek het gesê: "Wat wil jy hê, mams?" In hierdie kamer langsaan, waar sy geslaap het.

En sy het gesê: "Daar klop iemand aan jou deur."

37 En ek het dit gehoor: "Broer Bill!" En ek het die deur oopgemaak. Daar was 'n man wat ingekom het. Sy naam was John Emil. Hy woon nou in Miami, Florida. En hy het gesê: "Broer Bill, jy onthou my nie."

Ek het gesê: "Nee. Ek glo nie so nie."

38 Het gesê: "Jy het my en my familie gedoop. Maar," het gesê: "Ek het 'n pad gekies wat verkeerd is." Hy het gesê: "Ek het 'n man doodgemaak, hier 'n ruk gelede. Hom met my vuis geslaan, en sy nek gebreek, in 'n bakleiery." Het gesê: "Ek het een van my seuntjies verloor, die oudste een." En het gesê: "Die jongste een lê nou by die huis, op sterwe." En het gesê: "Die dokter hier van die stad is pas weg, en het gesê: "'Die kind het dubbele longontsteking.' En hy kan kwalik asemhaal." En het gesê: "Ek—ek—ek—ek het net . . . Jy het in my hart opgekom. En ek wonder of jy sal kom en met hom bid." En het gesê: Nou", soos jy weet,

ek is 'n kleinneef van Graham Snelling." Wat, Graham Snelling, nou die Eerw. Graham Snelling, toe nog nie 'n prediker geword het nie; 'n goeie Christen seun. Hy het gesê: "Hy's my kleinneef. Ek gaan af om hom te gaan haal." Wat omtrent 'n halfmyl van my af gewoon het, daar in die stad. En het gesê: "Ek gaan af om hom te gaan haal. Sal jy soontoe gaan?"

Ek het gesê: "Ja, Mnr. Emil, sodra ek my klere aangetrek het."

En toe het hy gesê: "Ek sal my motor vat, en jou soontoe neem."

Ek het gesê: "Goed."

39 Het gesê: "Sodra ek Graham gaan haal het. Ek wil hê julle almal moet vir die baba bid."

Ek het gesê: "Goed."

40 Toe het ek gaan klaarmaak. En moeder het gesê: "Wat is die probleem?"

Ek het gesê: "Daar's 'n babatjie wat genees moet word."

En toe het sy gesê: "Genees?"

En ek het gesê: "Ja, moeder."

En toe sê ek: "Ek sal jou meer daarvan vertel as ek terugkom."

41 Binne 'n paar minute het hy toe aan die deur geklop, en Broer Graham was by hom. Ons het daarheen gegaan na wat ons nou as die bootwerf ken, wat destyds die ou Howard Skeepswerf was. Ek het gesê: "Mnr. Emil, gaan jy . . . Waar woon jy nou?"

Hy het gesê: "Daar bokant Utica."

42 Ek het gesê: "Jy woon in 'n klein, wat ons noem "haelgeweer"—huisie, klein tweekamer."

"Ja, meneer."

"Sit op 'n heuwel."

"Ja, meneer," het hy gesê.

43 Ek het gesê: "Jou—jou vloerlys is gemaak van tong—en—groef, en dis rooi geskilder."

Hy het gesê: "Dis reg."

44 Ek het gesê: "Die babatjie lê in 'n ysterbedjie, en hy het, ten minste in die huis, 'n blou ferweel oorpak."

Sê: "Hy het dit aan."

45 En ek het gesê: "En die baba is 'n fyn kêreltjie, omtrent drie jaar oud. En hy het ook 'n klein fyn mondjie, klein dun lippies. En hy het ligte bruin hare."

Hy het gesê: "Dis die waarheid."

46 Ek het gesê: "Mev. Emil is 'n swartkopvrou. En in hierdie kamer het julle 'n rooi opvoubed en 'n rooi stoel."

Hy het gesê: "Was jy al ooit daar, Broer Branham?"

Ek het gesê: "Net 'n klein rukkie gelede."

"'n rukkie gelede?" het hy gesê.

Ek het gesê: "Ja."

"Wel," het hy gesê: "ek het jou nooit gesien nie."

47 Ek het gesê: "Nee. Dit was geestelik." Ek het gesê: "Mnr. Emil, jy het my hoor vertel, as ek jou gedoop het, van dinge wat met my gebeur. Wat mag . . . Ek sien dinge voor dit gebeur."

48 Hy het gesê: "Ja. Het so—iets met jou gebeur, Broer Branham?"

49 Ek het gesê: "Ja. En Mnr. Emil, wat Dit ook al was wat my gesê het, het my nog nooit 'n leuen vertel nie. Jou baba gaan genees word wanneer ek daar kom."

50 En hy het die motor gestop, oor die stuurwiel geval, gesê: "God, wees my genadig. Neem my terug, O Here." Sien? "En ek belowe U, om vir U te lewe, die res van my dae, as U my baba se lewe gaan spaar." En daar het hy sy hart aan Christus gegee. Ons het die huis inbeweeg, heel opgewonde oor hom, 'n siel wat na Christus teruggebring word.

51 Toe ons—toe ons in die huis ingegaan het, het alles daar gelê net presies soos dit was, net die ou vrou was nie daar nie. Gou opgewonde, so opgewonde, het ek gesê: "Bring die baba vir my." En die baba wat skaars lewe. Sien? Daardie "opdraai" was die lewe wat uit die baba gegaan het. Dit was gedraai net tot *hier*, sy keeltjie. En ek het gesê: "Bring vir my die baba." Nie gewag vir die visioen om te vervul nie.

52 Broer Vayle, as hierdie skryfblok veronderstel was om *hier* te lê, kan ek nie 'n woord sê voor daardie skryfblok daar neergelê word nie. Sien? Moet wees soos Dit my gewys het.

53 So ek het gesê: "Bring vir my die baba." En die pappa het die baba na my gebring, en ek het vir hom gebid. Hy het erger geword. So ek het gedink: "Nou iets . . . " Hy het werklik sy asem verloor, en hulle moes veg en skud, en alles, om asem in hom te kry. Ek het gedink: "Nou, daar is iets verkeerd."

54 En toevallig het ek gedink: "Waar's die ou vrou?" Dit was nog nie daar nie.

55 Toe neem hulle hul baba, lê hom neer. Hulle het goed onder sy neus gesmeer, alles, en het gehuil. Die moeder het geskree, histeries, en alles. Maar die baba het net—net skaars asemgehaal.

56 Ek het gedink: "Wel, deur my—my onnoselheid het ek die visioen van God misbruik, omdat ek nooit Daarop gewag het nie, oor ek so oor—opgewonde was."

57 Hierdeur, kan jy sien, Broer Vayle, waarom ek wag. Ek gee nie om wie vir my sê nie. Ek het jou as my broer lief. Broer, moet nooit probeer om vir my te sê om iets te doen, wanneer ek—wanneer ek voel dat ek—ek die wil van die Here het nie. Sien? Maak nie saak hoe goed dit op die ander manier lyk nie, ek sal vir Hom wag. Sien? En—en so het ek—ek 'n les geleer, net hier, baie, baie, baie jare gelede; en om te doen presies wat Hy sê, en moet dit nie doen voor Hy sê dis gereed om gedoen te word nie.

58 Die baba het vir asem geveg. Nou, ek kon nie vir hulle sê wat ek gedoen het nie, maar ek moes net wag. Ek het gedink: "Miskien sal genade dit oorheers en Hy my vergewe." Wel, ek het gaan sit.

59 Hulle het vir die lewe van die baba geveg tot dagbreek. Toe die dag begin breek, het hulle gedink die baba sal net enige oomblik gaan. Wel, ek sit daar. En hulle bly my vra: "Broer Branham, wat moet ons doen?" Of: "Broer Bill," het hulle my genoem: "wat moet ek doen?"

60 Ek het gesê: "Ek weet nie." Sien? Ek het daar gesit, my kop onderstebo, gesê: "Here, vergewe my asseblief."

61 Wel, en toe het daar daglig gekom. Broer Graham Snelling moes werk toe gaan. So Mnr. Emil moes hom neem, en ek het geweet ek moes die huis verlaat.

62 En, tog, Broer Graham was veronderstel om daar te sit, want hy het blonde, krullerige hare, soos jy weet. Hy was veronderstel om op hierdie opvoubed te sit. So ek het daar gesit waar Broer Graham veronderstel was om te sit, maar die ou vrou was nie daar nie. En daar's geen ou vrou by die plek nie. So ek sit daar. En so het Mnr. Emil sy jas aangetrek.

63 Toe het ek geweet, as Broer Graham weggegaan het, sou moeilik wees om te sê wanneer hy ooit terug sou wees. Sien? En toe het ek geweet, selfs as die vrou gekom het, dan sou Broer Graham nie daar wees nie. So jy sien in watter soort toestand ek was.

64 En so het Mnr. Emil gesê: "Broer Branham, wil jy gaan?" Of: "Broer Bill, wil jy huis toe gaan? Wil jy hê ek moet jou afneem huis toe?"

65 Ek het gesê: "Nee, meneer. Ek sal net wag, as jy nie omgee nie." Ek het dit gehaat om daar in die huis te bly, net die baba en die moeder, ekself, want hulle was jongmense. Hulle, hy, was omtrent vyf—en—twintig jaar oud, veronderstel ek. En ek was omtrent dieselfde ouderdom. Ek het gesê: "Nee. Ek sal—ek sal net wag, as jy nie omgee nie."

Hy het gesê: "Dis alles reg, broer, Broer Bill."

66 En so die moeder wat heen—en—weer loop, histeries, en probeer om . . . huil en alles, jy weet. En die baba is net erger. Sien? Lyk net of, enige minuut, snak net soort van na sy asem,

so, gaan . . . [Broer Branham maak twee sagte snakgeluide—Red.] Dis al, sy asem, wat daarin was. En niks . . . Hulle het nie penisillien en dinge destyds gehad nie, jy sien. So hulle het net—hulle het net pleisters op hulle gesit, en sulke dinge. Maar die babatjie het dit verskeie dae al gehad. En hy was weg, sien, of aan die gaan.

67 En, toe, ek—ek het daar gesit. Ek het gedink: "Goeiste, as Graham gaan . . . " Graham het sy jas aangehad, en hy het begin om by die deur uit te gaan.

68 En hy het vir sy vrou gesê: "Nou, ons sal oor net 'n minuut terug wees."

69 Ek het gedink: "O God, dan sal ek heeldag hier moet bly, en miskien heelnag, weer, om vir daardie visioen te wag. Wat kan ek doen?"

70 En ek het by die venster uitgekyk. En daar kom om die huis, kom die baba se ouma. En daar, het ek later uitgevind, was dit die ouma. En sy het 'n bril opgehad. Ek het gedink: "Hier is dit, Here, as—as Graham net nie by die deur uitgaan nie." So, sy het altyd na die voordeur gekom. Maar, hoe ook al, hulle weet nie, tot nou toe nie, maar sy het na die agterdeur gegaan, in die kombuis ingekom. En sy het in die kombuis ingeloop, die klein, ou huisie. En sy het by die deur gekom, haar dogter het daarheen gehardloop en haar gesoen, want dit was die dogter se moeder, jy weet, en het haar gesoen. En Broer Graham . . .

Toe het sy gesê: "Is die baba beter?"

71 Sy het gesê: "Moeder, hy's sterwend." En sy het so begin skree, en haar moeder huil.

72 Toe het ek gedink: "Dit sal net werk, en as Graham nie uitgaan nie."

73 En ek het opgestaan. En ek kon niks sê nie, sien jy, net wag. En Broer Graham het omgeloop. Ek het opgestaan sodat hy kon gaan sit. En hy . . . En dit was een of ander van sy familie, jy sien, so hy begin toe ook huil, en gaan sit op die opvoubed waar hy veronderstel was om te sit.

74 Ek het gedink: "Nou, as daardie ou dame net sal omkom en in hierdie rooi stoel gaan sit!" En ek is terug na die deur toe waar Mnr. Emil gestaan het, met sy oorjas aan, en reg om uit te gaan. Baie koue weer, ysig koud. En ek het gedink . . . En die ou dame het in hierdie stoel gaan sit.

75 En Graham het gaan sit, en het sy kop laat sak. En die moeder van die baba, het haar hand bo—op die deur gesit en begin huil. Net presies soos die visioen! En die ou dame het gaan sit. En in plaas dat dit trane was, geheel—en—al, op haar bril; die inkom uit die koue, het dit laat wasem. En sy het in haar briewetassie gevoel en 'n sakdoekie uitgehaal, en, of 'n klein

sakkie, en hierdie bril begin skoonvee. [Broer Branham, klap sy vingers een maal—Red.] Broer, daar was dit.

76 Ek het vir Mnr. Emil gesê. Ek het gesê: "Mnr. Emil, het jy nog vertroue in my as 'n dienskneg van Christus?"

Hy het gesê: "Ek het sekerlik, Broer Branham."

77 Ek het gesê: "Ek kan jou nou sê. Ek het die visioen vooruitgepraat, 'n ruk tevore, dis waarom dit nie gebeur het nie. As jy nog vertroue in my het, gaan bring my jou baba." O, goeiste! Ek het toe gesien dit was reg, jy sien. "Gaan, bring jou baba vir my."

78 Hy het gesê: "Ek sal enigiets doen wat jy my sê om te doen, Broer Bill. Ek sal nie bang wees om hom op te tel nie." Want, tel hulle hom op, het dit net gegaan, die asem het hom heeltemal verlaat. Het die babatjie na my toe gebring. Gebuk en hom in sy arms geneem, hom na my gebring, en daar gestaan.

79 Ek het my hand op hom gesit, gesê: "Here vergewe die onnoselheid van U dienskneg. Sien? Ek het U visioen vooruitgepraat. Maar laat dit nou bekend wees dat U God van hemele en aarde is."

80 Skaars dit gesê of die babatjie het albei sy arms om sy pappa gegooi, begin skree en huil, gesê: "Pappa, ek voel nou goed." Sien?

81 Ek het gesê: "Mnr. Emil, laat die babatjie met rus. Dit sal drie dae duur voor dit hom verlaat, want hy het drie treë gegee, om los te draai."

82 Ek het huis toe gegaan. Ek het daarvan in my kerk vertel. Ek het gesê: "Ek gaan terug." Dit was op Maandag. Ek het gesê: "Woensdagaand, voor kerk, gaan ek soontoe." Hulle was arm mense, en ons het vir hulle 'n mandjie kruideniersware bymekaargemaak, om na hulle te neem. So ek het gesê: "Ek wil hê julle moet almal gaan, en wanneer ek daarheen gaan. En staan julle daar om die huis. En wanneer ek by daardie plek kom, daar waar die huis is, hou julle dop en kyk of daardie babatjie nie oor die vloer aankom nie, met 'n klein snorretjie *hier* gemaak, waar hy melksjokolade of iets gedrink het nie. Sien? En sy hande in myne sit, en hierdie woorde sê: 'Broer Bill, ek is heeltemal gesond.' Hierdie driejaaroue babatjie. Hou dop en kyk of dit nie gebeur nie."

83 My vrou nou, Meda, lank voor ons getroud is, so sy was onder die klomp. En 'n lorrievrag het gegaan en om die huis plek ingeneem, sien, om te kyk as ek aangery kom in die ou Publieke Werke Maatskappy—lorrie wat ek daardie aand by die huis gehad het. Ek het nie my eie motor gehad nie. Vol teer agterin, en dinge, jy weet, waar ek dit daardie gekarwei het, en dinge reggemaak het. Na die voorkant gery, stilgehou. By die stoepie opgegaan; aan die deur geklop. En hulle het nie matte op die ou vloertjie

gehad nie. En die moeder het oor die vloer aangekom, gesê: "Wel, dis Broer Bill," net so. En die mense het by die vensters ingekyk, teen die tyd, om te sien wat sou gebeur.

84 En in die hoek, aan die speel, was hierdie seuntjie, die derde dag. Ek het gaan staan, nie 'n woord gesê nie. En het gekom, oor die vloer geloop, sy klein handjies bo in myne gesit. Met die . . . Het melksjokolade gedrink, sy klein snorretjie, so, *daar* dwarsoor, van die melksjokolade. Het sy hande bo in myne gesit, gesê: "Broer Bill, ek is heeltemal gesond." Huh!

85 Daardie aand, in die kerk, het ek daarvan vertel. Ek het gesê: "Daar's 'n kreupel meisie, êrens, wat behoeftig is." Ek het gesê: "Kerk, ek weet nie wat hierdie dinge beteken nie. Ek kan julle nie sê nie."

86 En—en so het ek by die Publieke Werke gewerk. En ek onthou eendag, omtrent 'n week daarna, het ek die gebou begin verlaat, om uit te gaan. Mnr. Herb Scott, woon nou nog hier in die stad, hy was my baas. En hy het gesê . . . Ek het begin loop. Hy het gesê: "Billy?"

Ek het gesê: "Ja."

Het gesê: "Voor jy gaan, ek het hier 'n brief vir jou."

Ek het gesê: "Reg, Herbie. Ek sal dit nou kom haal."

87 En—en so het ek daarheen gegaan om by my ander werk te kom, wat ek nagegaan het. So het ek daarheen gegaan om my ander werk klaar te maak. En toe ek—ek het, onthou ek daardie brief. Ek het gegaan en dit gekry, dit oopgemaak. En het gesê: "Liewe Mnr. Branham," sien, gesê: "my naam is Nail. Ek is Mev. Harold Nail. Ons woon in 'n plek met die naam South Boston." En het gesê: "Ons is Metodiste, van geloof. En ek het toevallig 'n boekie gelees wat jy geskryf het, naamlik: *Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag, En Vir Altyd*, 'n klein pamflet. En ons het 'n gebedsbyeenkoms in ons huis gehad, die ander aand. En ons het gehoor dat jy sukses het, met gebed vir die siekes." En het gesê: "Ek het 'n beproefde dogter, vyftien jaar oud," het gesê: "wat op die bed van beproewing lê. En op een of ander manier, kan ek dit net nie uit my gedagte kry, dat ek jou moet kry om vir hierdie meisie te kom bid nie. Sal jy dit asseblief doen? Die uwe, Mev. Harold Nail. South Boston, Indiana."

Ek het gesê: "Weet jy, dis die meisie. Dis sy."

88 Ek het huis toe gegaan, my moeder vertel, hulle daarvan vertel. Ek het gesê: "Dis—dis die meisie." En toe daardie aand, by die kerk, het ek vir die kerk gesê. Ek het gesê: "Hier's daardie—daardie—daardie—daardie plek." Ek het gesê: "Weet iemand waar South Boston is?"

89 En Broer George Wright, julle is almal met hom bekend, hy het gesê: "Broer Branham, dis . . . Ek dink dis daar in die Suide."

90 Toe die volgende dag, twee vriende van my, en my vrou, wat sy nou is, en 'n man en sy vrou van Texas. Hulle, hul naam was Brace, Ad Brace. Hy woon nou hier, onderkant Milltown, boer. Hy was 'n veeboer, daar in die Weste. En hy het hierheen getrek om naby die kerk te wees. En ek het vir sy vrou gebid, en sy is van 'n teringaandoening genees. En so wou hy dit sien gebeur. Ek het gesê: "Gaan jy saam met my, en kyk of dit nie net so gebeur nie." So die dame het nog nooit 'n visioen gesien nie, Mev.—Mev. Brace. So my vrou het met my saamgegaan. En Broer Jim Wisehart, die ou ouderling, onthou jy, die kerk daar, die ou diaken, hy wou dit sien. Ek het toe pas 'n klein, ou "roadster" gekry, en ek het hulle almal daarin geprop.

91 En ons het daar onderkant New Albany gekom. En ek het hierdie padteken gekry, en ek het gekom uitvind dit was nie South Boston nie. Dit was New Boston. So toe het ek nie geweet waarheen om te gaan nie, toe het ek daar na Jeffersonville teruggekom en iemand gevra. En iemand het na die poskantoor toe gegaan, hulle het gesê: "South Boston is daar bokant Henryville."

92 Toe het ek—ek daar na Henryville gegaan, en het ek daar gevra. En hulle het gesê: "Draai af op *hierdie* pad. Dit is omtrent vyftien myl, terug oor hierdie knoppe *hier*, kry jy 'n klein plekkie. Wees versigtig, jy sal dit miskyk," gesê: "want dis net een klein winkeltjie. En die winkel het die poskantoor, alles anders, daarin. South Boston, daar tussen hierdie knoppe." Daar's sewentienduisend akker van daardie knoppe daarso, jy sien. En dit is daar agter dit, daar in die heuwels.

93 So ons het voortgegaan, aangery. En ewe skielik, het ek baie eienaardig gevoel. Na vyf of ses myl gery het, het ek baie eienaardig gevoel. Ek het gesê: "Ek weet nie."

Hulle het gesê: "Wat is die probleem?"

94 Ek het gesê: "Ek glo daardie—daardie Een wat met my praat, met my wil praat, so ek sal die motor moet verlaat."

95 Toe het ek uit die motor geklim. En die vroue sit op vroue se skote, jy weet, en alles, daardie klein ou roadster. En ek het uit die motor geklim, en het agterom die motor gegaan. En ek het my kop laat sak, my voet op die buffer gesit agterop die motor. En ek het gesê: "Hemelse Vader, wat wil U hê U dienskneg moet weet?" En ek het gebid. Niks het gebeur nie. Ek het 'n paar minute gewag. En ek het gedink: "Wel, Hy . . . " Gewoonlik waar daar 'n klomp mense is soos dié, moet ek tot myself kom. En so het ek 'n paar minute gewag.

96 Dit het gebeur dat ek aangetrek is, daar gekyk het. Dit het gebeur dat ek gedink het: "Wel, kyk hier, hier's daardie ou kerk wat hier sit." En as jy ooit by . . . Dis die Bunker Hill Kerk. En ek het na die kant toe gekyk Bunker Hill Christen Kerk, en daar was die grafstene van die begraafplaas, reg voor die kerk.

97 En ek het daarheen gegaan. Ek het gesê: "Julle het nou almal daardie briewe gekry." Ek was nooit tevore in daardie streek, in my lewe nie. Was nooit daarbo iewers in my lewe nie. En ek het gesê: "Kry julle daardie name en getalle en kom hier, kyk of dit nie dieselfde een op hierdie grafsteen is nie." En daar was dit, net presies. Ek het gesê: "Daar is dit. Ons is nou op die regte pad." Ek het gesê: "Dit was die Engel van die Here." Sien, ek het reg daarby verbygegaan, en dit nie herken nie. So, o, Hy's volmaak.

98 En so het ons voortgery en voortgery. Ek het 'n man raakgeloop, en ek het gesê: "Kan jy my sê waar South Boston is, meneer."

99 Hy het gesê: "Jy draai regs en links, jy weet, en al so aan." Ons het net voortgegaan.

100 So na 'n ruk, het ons gekom by, het ek opgelet, ek het by 'n plekkie aangekom. En dit het soort van soos 'n klein dorpie gehad. En ek—ek het gekyk. Ek het gesê: "Dis hy. Dis hy, net daar." Ek het gesê: "Daar is die . . . Daar, daar's daardie geel winkelvoorkant." Ek het gesê: "Hou julle nou dop. 'n Man gaan daar uitkom, met 'n blou oorpak aan, 'n wit ferweel, . . . of geel ferweelpet, met 'n wit snor, en vir my sê waarheen om te gaan. As dit nie is nie, is ek 'n groot storieverteller."

101 En so het hulle almal gewag. En—en ek het nader gery, na die voorkant van die plek. En net toe ek naderry, na die voorkant, kom die man uit met die blou oorpak aan, en die geel ferweelpet, en die wit snor. En Mev. Brace het in die kar flou geword, toe sy dit so sien vervul word.

Ek het gesê: 'Meneer, jy is veronderstel om vir my te sê waar Harold Nail is."

Hy het gesê: "Ja, meneer." Het gesê: "Het jy uit die Suide gekom?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

102 Het gesê: "Jy is daar verby. Omtrent 'n halfmyl met die pad af, draai jy, die eerste pad links. Jy gaan aan, en jy kry 'n groot rooi skuur, en jy draai daar in by daardie rooi skuur." Het gesê: "Dis die tweede huis aan jou regterkant, soos jy opdraai in daardie klein paadjie, soos 'n laan."

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Waarom?"

Ek het gesê: "Hy het 'n beproefde dogter. Het hy nie?"

Het gesê: "Ja, meneer. Hy het."

103 Ek het gesê: "Die Here gaan haar genees." En die ou man het begin huil. Sien? Hy het nooit geweet nie. En so was hy in die visioen ingesluit. Hy het nie geweet wat aan die gang was nie.

104 Ek het omgedraai. Ons het Mev. Nail weer op 'n manier bygekry. Ek het daarheen gegaan, nader geloop in die werf in.

Het uit die motor uitgeklim, begin naderloop. Begin naderloop na die plek . . . jy weet, na die plek waar dit was. En 'n gesette jong vrou het daarheen gekom. Ek het gesê: "Daar is sy." Sien?

En toe sê sy: "Aangename kennis?"

En ek sê: "Aangename kennis?" Ek het gesê: "Ek is—ek is Broer Bill."

105 "O," het sy gesê: "ek—ek—ek het gedink jy is." Sy het gesê: "Het jy my brief gekry?"

Ek het gesê: "Ja, mevrou, ek het."

Sy het gesê: "Ek is Mev. Harold Nail."

106 Ek het gesê: "Wel, ek is bly om jou te ken, Mev. Nail. En dit is net 'n klompie mense wat saam met my gekom het, om vir jou dogter te bid."

Het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Sy gaan genees word."

107 Sy het gesê: "Wat?" En haar lippe het begin bewe. Sy het begin huil.

108 Ek het gesê: "Ja, mevrou." En ek—ek weet nie; ek het nooit by die vrou gaan staan nie.

109 Ek het net aangeloop in die portaal af, en my geselskap het my gevolg. Toe ek die deur aan die regterkant van die portaal oopmaak, groot, ou, plattelandse huis, die deur oopmaak, daar is die geel koerant . . . of die geel papier teen die muur, rooi figure; die geskrif "God seën ons huis"; die ou geelkoper bed; houtstoof aan my linkerkant. En daar 'n klein ou wiegie wat daar sit, met hierdie meisie wat soos 'n seuntjie lyk wat daarin lê.

110 Nou het iets gebeur. Ek was daar in die hoek van die kamer, het gesien hoe my liggaam na daardie bed gaan. En ek het my hande regoor haar maag geplaas, presies soos die Here gesê het. En toe ek dit gedoen het, toe Mev. Nail die kamer ingestap het, en dit gesien het, daar het sy op die vloer geval, weer, flou geword. Sy's 'n swakkerige soort mens, en sy het op die vloer flou geword, weer. En Broer Nail het met haar probeer werk. En ou Broer Jim staan daar, sê: "Geseënd sy die Here," hou sy hande bymekaar, soos julle almal weet hoe hy opgetree het. En so het ek toe daarna gekyk, en ek het dit gesien.

111 En ek het my hande op haar gelê, of oor haar maag, *so*. Ek het gesê: "Here, ek doen dit op bevel van, wat ek dink God is, wat my sê om dit te doen." En omtrent op daardie oomblik, het sy begin huil, en het sy opgespring.

112 En hulle het Mev. Nail net op haar voete gehad. Sy het wakker geword, uit haar floute.

113 En toe die meisie van die bed afgespring het, daar skuif die pajamapyp op op haar regterbeen, net presies soos dit in die

visioen gewys het. En daar was die ronde knie van ’n meisie, in plaas van ’n seun.

114 En plat is Mev. Nail weer. Sien? Sy het flou geword. Dit was die drie keer wat sy flou geword het.

115 En daardie meisie het daar uitgestap, in daardie kamer. En het in haar kleedkamer ingegaan, aan die huil, en het haar kimono aangetrek, teruggeloop gekom, terwyl sy haar hare kam. Met haar. . . met daardie kreu—. . . En haar—haar een hand was ook verlam, aan die regterkant. Haar hare gekam met daardie kreupel hand.

116 Sy’s getroud, het ’n klomp kinders. Haar naam, ek weet nie wat haar naam nou is nie. Maar Nail s’n, enigeen kan vir jou sê, Harold Nail.

117 En daardie visioene is waar. [Leë kol op band—Red.] Ek kan dit plaas en jou na mense neem wat ’n volume boeke sou kon maak van sulke dinge wat gebeur het. Nou, dis waar, Broer Vayle.

118 Ek sal misluk; ek is ’n mens. Ek is ’n mislukking, van die begin af, en ’n baie swak plaasvervanger vir ’n dienskneg van Christus.

[Leë kol op band—Red.]

119 [Broer Vayle sê: “Spel Merrell?”] M—e—r—r—e, dubbel l. [“Ek het gedink dit is dit daar. Ja.”] Is dit al wat daar is, nou hierdie? [“Nail is N—e—i—l?”] N—a—i—l. [“Brace, B—r—a—c—e?”] B—r—a—c—e Ad, Ad Brace. [“Ek dink ek het hulle nou almal. Net ’n oomblik. Graham Snelling?”] Graham, G—r—a—h—a—m. [“Dis ’n’ daar.”] S—n—e dubbel l, i—n—g. [“O, Snelling.”] Nou het ons dit.

Visioene Van William Branham AFR60-0930
(Visions Of William Branham)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Vrydag, 30 September 1960, by die Veldtog Kantoor, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2002 deur:

AFRIKAANS

©2002 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org